OFFICIAL GAZETTE

OF SOUTH WEST AFRICA

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY — UITGAWE OP GESAG

R0.50 Saturday 1 April 1989 WINDHOEK Saterdag 1 April 1989 No. 5693

CONTENTS:

Page

AG. GOVERNMENT NOTICES

No. AG. 1 Amendment of the regulations made under the Identification of Persons Act, 1979 (Act 2 of 1979) 2

No. AG. 2 Closing of a portion of district road 2107: District of Windhoek 3

No. AG. 3 Price Control: Amendment of maximum prices of margarine 4

No. AG. 4 Amendment of Postal Rates 4

GOVERNMENT NOTICES

No. 42 Amendment of Townships Board Regulations 5

No. 43 Notice of application for declaration of an area as private game park 7

No. 44 Merchandise Marks Act, 1941 (Act 17 of 1941): Proposed prohibition of the use of a certain emblem 8

No. 45 Merchandise Marks Act, 1941 (Act 17 of 1941): Proposed prohibition of the use of a certain emblem 9

GENERAL NOTICES

No. 39 Municipality of Keetmanshoop: Notice of sale of property to recover arrear rates, taxes and interest 10

No. 40 Municipality of Keetmanshoop: Notice in respect of arrear rates and interest on properties 10

No. 41 Municipality of Keetmanshoop: Town Planning Scheme 11

No. 42 Municipality of Outjo: Town Planning Scheme 11

INHOUD:

Bladsy

AG. GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

No. AG. 1 Wysiging van die regulasies uitgevaardig kragtens die Wet op Identifikasie van Persone, 1979 (Wet 2 van 1979) 2

No. AG. 2 Sluiting van 'n gedeelte van distrikspad 2107: Distrik Windhoek 3

No. AG. 3 Prysbeheer: Wysiging van maksimum pryse van margarien 4

No. AG. 4 Wysiging van Postariewe 4

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

No. 42 Wysiging van Dorperaadregulasies 5

No. 43 Kennisgewing van aansoek om verklaring van 'n gebied tot private wildtuin 7

No. 44 Handelswaremerke-wet, 1941 (Wet 17 van 1941): Voorgenome verbod op die gebruik van 'n sekere embleem 8

No. 45 Handelswaremerke-wet, 1941 (Wet 17 van 1941): Voorgenome verbod op die gebruik van 'n sekere embleem 9

ALGEMENE KENNISGEWINGS

No. 39 Munisipaliteit van Keetmanshoop: Kennisgewing van verkoping van eiendom ter verhaling van agterstallige eiendomsbelasting en rente 10

No. 40 Munisipaliteit Keetmanshoop: Kennisgewing van agterstallige eiendomsbelasting en rente 10

No. 41 Munisipaliteit Keetmanshoop: Dorpsbeplanningskema 11

No. 42 Munisipaliteit Outjo: Dorpsbeplanningskema 11

No. 43	City of Windhoek: Permanent closing of Portion 1 of Erf 1245 Von Bodenhausen Street, Pionierspark	12
No. 44	City of Windhoek: Permanent closing of Portion 1 of Erf 3081, Windhoek	12
No. 45	Municipality of Windhoek: Windhoek Amendment Scheme No. 10	13
No. 46	Municipality of Grootfontein: Correction Notice	14
No. 47	Municipality of Omaruru: Omaruru Amendment Scheme No. 1	14
No. 48	Municipality of Swakopmund: Swakopmund Amendment Scheme No. 3	15
No. 49	Summerdown Township: Deproclamation	15
No. 50	Peri-Urban Development Board: Rates and Taxes outstanding five years and longer	16
No. 51	Central Revenue Fund: Statement of Expenditure for the period 1 April 1988 to 31 January 1989. Department of Finance, Windhoek	17
No. 52	Central Revenue Fund: Statement of Revenue collected during the period 1 April 1988 to 31 January 1989. Department of Finance, Windhoek.	18

No. 43	Stad Windhoek: Permanente sluiting van Gedeelte 1 van Erf 1245 Von Bodenhausenstraat, Pionierspark	12
No. 44	Stad Windhoek: Permanente sluiting van Gedeelte 1 van Gedeelte 1 van Publieke Oop Ruimte Erf 3081, Windhoek	12
No. 45	Munisipaliteit Windhoek: Windhoek Wysigingskema No. 10	13
No. 46	Munisipaliteit Grootfontein: Verbeteringskennisgewing	14
No. 47	Munisipaliteit Omaruru: Omaruru Wysigingskema No. 1	14
No. 48	Munisipaliteit Swakopmund: Swakopmund Wysigingskema No. 3	15
No. 49	Summerdown Dorp: Deproklamasie	15
No. 50	Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling: Eiendomsbelasting uitstaande vyf jaar en langer	16
No. 51	Sentrale Inkomstefonds: Staat van Uitgawe vir die tydperk 1 April 1988 tot 31 Januarie 1989. Departement van Finansies, Windhoek	17
No. 52	Sentrale Inkomstefonds: Staat van Inkomste ingevorder gedurende die tydperk 1 April 1988 tot 31 Januarie 1989. Departement van Finansies, Windhoek	18

A.G. Government Notices

A.G. Goewermentskennisgewings

OFFICE OF THE ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

No. AG. 1 1989

AMENDMENT OF THE REGULATIONS MADE UNDER THE IDENTIFICATION OF PERSONS ACT, 1979 (ACT 2 OF 1979)

The Administrator-General has under section 8 of the Identification of Persons Act, 1979 (Act 2

KANTOOR VAN DIE ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

No. AG. 1 1989

WYSIGING VAN DIE REGULASIES UITGEVAARDIG KRAGTENS DIE WET OP IDENTIFIKASIE VAN PERSONE, 1979 (WET 2 VAN 1979)

Die Administrateur-generaal het kragtens artikel 8 van die Wet op Identifikasie van Persone, 1979

of 1979), further amended the regulations promulgated by Government Notice AG. 13 of 1980, by the substitution in regulation 6 for the words "destroyed or damaged," of the words "destroyed, damaged or amended on application of such person,".

(Wet 2 van 1979), die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing AG. 13 van 1980, verder gewysig deur in regulasie 6 die woorde "of vernietig of beskadig word," deur die woorde "of vernietig, beskadig of op aansoek van sodanige persoon gewysig word," te vervang.

DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. AG. 2 1989

CLOSING OF A PORTION OF DISTRICT ROAD 2107: DISTRICT OF WINDHOEK

In terms of section 22(2) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972), it is hereby made known that the Administrator-General has under section 22(1)(c) of the said Ordinance, in the district of Windhoek, closed the portion of district road 2107 described in the Schedule and shown on sketch-map P1420 by the symbols A-B-C-D-E-F-G.

The said sketch-map shall at all times lie open to inspection at the office of the Secretary for Transport, Windhoek, during normal office hours.

SCHEDULE

From a point (A on sketch-map P1420) on the farm Remainder of Portion B of Nubuamis 37 generally south-eastwards and more and more east-south-eastwards across the said farm to a point (B on sketch-map P1420) on the said farm; thence generally east-north-eastwards across the said farm and the farm Ongava 452 to a point (C on sketch-map P1420) on the last-mentioned farm; thence generally eastwards and more and more east-south-eastwards across the farm Ongava 452 to a point (D on sketch-map P1420) on the said farm; thence generally eastwards across the said farm to a point (E on sketch-map P1420) on the said farm; thence generally east-north-eastwards across the said farm to a point (F on sketch-map P1420) on the said farm; thence generally eastwards and more and more east-south-eastwards across the said farm to a point (G on sketch-map P1420) at the junction with district road 1491 on the said farm.

DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. AG. 2 1989

SLUITING VAN 'N GEDEELTE VAN DISTRIKSPAD 2107: DISTRIK WINDHOEK

Ingevolge artikel 22(2) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972), word hierby bekend gemaak dat die Administrateur-generaal kragtens artikel 22(1)(c) van genoemde Ordonnansie, in die distrik Windhoek, die gedeelte van distrikspad 2107 wat in die Bylae beskryf en deur die simbole A-B-C-D-E-F-G op sketskaart P1420 aangetoon word, gesluit het.

Genoemde sketskaart is te alle tye gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Sekretaris van Vervoer, Windhoek, ter insae beskikbaar.

BYLAE

Van 'n punt (A op sketskaart P1420) op die plaas Restant van Gedeelte B van Nubuamis 37 algemeen suidooswaarts en al meer oossuidooswaarts oor genoemde plaas tot op 'n punt (B op sketskaart P1420) op genoemde plaas; van daar algemeen oosnoordooswaarts oor genoemde plaas en die plaas Ongava 452 tot op 'n punt (C op sketskaart P1420) op laasgenoemde plaas; vandaar algemeen ooswaarts en al meer oossuidooswaarts oor die plaas Ongava 452 tot op 'n punt (D op sketskaart P1420) op genoemde plaas; van daar algemeen ooswaarts oor genoemde plaas tot op 'n punt (E op sketskaart P1420) op genoemde plaas; van daar algemeen oosnoordooswaarts oor genoemde plaas tot op 'n punt (F op sketskaart P1420) op genoemde plaas; van daar algemeen ooswaarts en al meer oossuidooswaarts oor genoemde plaas tot op 'n punt (G op sketskaart P1420) by die aansluiting met distrikspad 1491 op genoemde plaas.

DEPARTMENT OF ECONOMIC AFFAIRS

No. AG. 3 1989

PRICE CONTROL: AMENDMENT OF MAXIMUM PRICES OF MARGARINE

Under section 4 of the Price Control Act, 1964 (Act 25 of 1964), I hereby amend Government Notice 72 of 15 April 1986 by the substitution -

(a) in column 4 of Schedule I for the amounts "R34,95", "R38,97", "R1,04", "R36,74", "R40,77" and "R1,10" of the amounts "R40,25", "R44,65", "R1,20", "R52,38", "R58,14" and "R1,25", respectively; and

(b) in column 4 of Schedule II for the amounts "R41,25", "R45,65", "R0,98", "R42,90", "R47,85", "R1,02", "R48,60", "R53,78", "R1,92", "R50,22", "R55,73", "R2,00", "R47,95", "R53,14" and "R1,90" of the amounts "R48,16", "R53,50", "R1,15", "R48,16", "R53,50", "R1,15", "R54,42", "R61,40", "R2,20", "R56,58", "R62,80", "R2,25", "R54,42", "R61,40" and "R2,20", respectively.

G.J.F. GOUS
Price Controller Windhoek, 15 March 1989

DEPARTEMENT VAN EKONOMIESE SAKE

No. AG. 3 1989

PRYSBEHEER: WYSIGING VAN MAKSIMUM PRYSE VAN MARGARIEN

Kragtens artikel 4 van die Wet op Prysbeheer, 1964 (Wet 25 van 1964), wysig ek hierby Goewermentskennisgewing 72 van 15 April 1986 deur -

(a) in kolom 4 van Bylae I die bedrae "R34,95", "R38,97", "R1,04", "R36,74", "R40,77" en "R1,10" deur, onderskeidelik, die bedrae "R40,25", "R44,65", "R1,20", "R52,38", "R58,14" en "R1,25" te vervang; en

(b) in kolom 4 van Bylae II die bedrae "R41,25", "R45,65", "R0,98", "R42,90", "R47,85", "R1,02", "R48,60", "R53,78", "R1,92", "R50,22", "R55,73", "R2,00", "R47,95", "R53,14" en "R1,90" deur, onderskeidelik, die bedrae "R48,16", "R53,50", "R1,15", "R48,16", "R53,50", "R1,15", "R54,42", "R61,40", "R2,20", "R56,58", "R62,80", "R2,25", "R54,42", "R61,40" en "R2,20", te vervang.

G.J.F. GOUS
Pryskontroleur Windhoek, 15 Maart 1989

DEPARTMENT OF POSTS AND TELECOMMUNICATIONS

No. AG. 4 1989

AMENDMENT OF POSTAL RATES

Under section 2B(1)(e) of the Post Office Act, 1958 (Act 44 of 1958), I hereby, with the approval of the Administrator-General, alter the rates to be demanded or received in respect of postal services rendered by the Department, by, with effect from 1 April 1989, the substitution in items 1 and 2 of Schedule C to the regulations promulgated under Government Notice R. 550 of 1960, for the amounts "R10,00", "R12,00", "R18,00" and

DEPARTEMENT VAN POS- EN TELEKOMMUNIKASIEWESE

No. AG. 4 1989

WYSIGING VAN POSTARIEWE

Kragtens artikel 2B(1)(e) van die Poswet, 1958 (Wet 44 van 1958), verander ek hierby, met die goedkeuring van die Administrateur-generaal, die tariewe wat ten opsigte van posdienste deur die Departement gelewer, geëis of ontvang moet word deur, met ingang van 1 April 1989, in items 1 en 2 van Bylae C by die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 550 van 1960, die bedrae "R10,00", "R12,00", "R18,00" en

"R4,50" of the amounts "R12,00", "R15,00", "R21,00" and "R5,25", respectively.

J.J. VAN RENSBURG
Postmaster-General

Windhoek, 22 March 1989

"R4,50" deur, onderskeidelik, die bedrae "R12,00", "R15,00", "R21,00" en "R5,25" te vervang.

J.J. VAN RENSBURG
Posmeester-generaal

Windhoek, 22 Maart 1989

Government Notices

DEPARTMENT OF GOVERNMENTAL AFFAIRS

No. 42 1989

AMENDMENT OF TOWNSHIPS BOARD REGULATIONS

The Cabinet has under section 36 of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963), amended the Townships Board Regulations promulgated under Government Notice 165 of 1973 as set out in the Schedule.

SCHEDULE

1. Regulation 7 is hereby amended by the substitution in paragraph (c) for the words "Secretary for South West Africa" of the words "Secretary of Governmental Affairs".

2. Regulation 12 is hereby amended by the substitution for the expression "Secretary for South West Africa (Townships Board), Private Bag 13186, Windhoek" of the expression "Secretary, Department of Governmental Affairs (Townships Board), Private Bag 13289, Windhoek, 9000".

3. Regulation 13 is hereby amended -

   (a) by the substitution in paragraph (a) for the amounts "R10" and "R1" of the amounts "R20,00" and "R2,00", respectively;

Goewermentskennisgewings

DEPARTEMENT VAN OWERHEIDSAKE

No. 42 1989

WYSIGING VAN DORPERAADREGULASIES

Die Kabinet het kragtens artikel 36 van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) die Dorperaadregulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 165 van 1973 gewysig soos in die Bylae uiteengesit.

BYLAE

1. Regulasie 7 word hierby gewysig deur in paragraaf (c) die woorde "Sekretaris van Suidwes-Afrika" deur die woorde "Sekretaris van Owerheidsake" te vervang.

2. Regulasie 12 word hierby gewysig deur die uitdrukking "Sekretaris van Suidwes-Afrika (Dorperaad), Privaatsak 13186, Windhoek" deur die uitdrukking "Sekretaris, Departement van Owerheidsake (Dorperaad), Privaatsak 13289, Windhoek, 9000" te vervang.

3. Regulasie 13 word hierby gewysig -

   (a) deur in paragraaf (a) die bedrae "R10" en "R1" deur, onderskeidelik, die bedrae "R20,00" en "R2,00" te vervang;

(b) by the deletion in the said paragraph (a) of the proviso.

(c) by the substitution in paragraph (b) for the amounts "R10" and "R1" of the amounts "R20,00" and "R2,00", respectively;

(d) by the substitution in paragraph (c) for the amount "R10" of the amount "R20,00";

(e) by the substitution in paragraph (d) for the amount "R10" of the amount "R20,00";

(f) by the substitution in paragraph (e) for the amount "R10" of the amount "R20,00";

(g) by the substitution in paragraph (f) for the amount "R10" of the amount "R20,00";

(h) by the substitution in paragraph (g) for the amount "R20" of the amount "R40,00"; and

(i) by the substitution in paragraph (h) for the amount "R10" of the amount "R20,00".

4. The Schedule is hereby amended -

(a) by the substitution for the expression "The Secretary for South West Africa, Private Bag 13186, Windhoek" of the expression "The Secretary, Department of Governmental Affairs, Private Bag 13289, Windhoek, 9000";

(b) by the deletion in Part 1 -

(i) of paragraph 6, and

(ii) of paragraph 7(f); and

(c) by the deletion in Part II in item (2)(a) of paragraph B of Annexure A of the words "(distinguish between township areas of different racial groups)".

(b) deur in genoemde paragraaf (a) die voorbehoudsbepaling te skrap;

(c) deur in paragraaf (b) die bedrae "R10" en "R1" deur, onderskeidelik, die bedrae "R20,00" en "R2,00" te vervang;

(d) deur in paragraaf (c) die bedrag "R10" deur die bedrag "R20,00" te vervang;

(e) deur in paragraaf (d) die bedrag "R10" deur die bedrag "R20,00" te vervang;

(f) deur in paragraaf (e) die bedrag "R10" deur die bedrag "R20,00" te vervang;

(g) deur in paragraaf (f) die bedrag "R10" deur die bedrag "R20,00" te vervang;

(h) deur in paragraaf (g) die bedrag "R20" deur die bedrag "R40,00" te vervang; en

(i) deur in paragraaf (h) die bedrag "R10" deur die bedrag "R20,00" te vervang.

4. Die Bylae word hierby gewysig -

(a) deur die uitdrukking "Die Sekretaris van Suidwes-Afrika, Privaatsak 13186, Windhoek" deur die uitdrukking "Die Sekretaris, Departement van Owerheidsake, Privaatsak 13289, Windhoek, 9000", te vervang;

(b) deur in Deel 1 -

(i) paragraaf 6; en

(ii) paragraaf 7(f),

te skrap; en

(c) deur in Deel II in item 2(a) van paragraaf B van Aanhangsel A die woorde "(onderskei tussen dorpsgebiede van verskillende rassegroepe)" te skrap.

DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND NATURE CONSERVATION

No. 43 1989

NOTICE OF APPLICATION FOR DECLARATION OF AN AREA AS PRIVATE GAME PARK

In terms of section 22 of the Nature Conservation Ordinance, 1975 (Ordinance 4 of 1975), it is hereby made known that the person whose name is mentioned in column 1 of the Schedule and who is the owner of the area defined opposite thereto in column 2 of the Schedule, has applied for the declaration of the said area as a private game park.

Any person who wishes to object to the declaration of the area concerned as a private game park is hereby requested to lodge his objections with the Director of Nature Conservation, Private Bag 13306, Windhoek, 9000, within a period of three months from the date of publication of this notice.

SCHEDULE

COLUMN 1	COLUMN 2
APPLICANT	AREA
Moolman, J.H.	Portion 1 (Eindelik) of the farm Sahara 420, extent 3690,8999 hectares and the farm Goedehoop 463, extent 7843,8735 hectares, both situated in the district of Mariental.

DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN NATUURBEWARING

No. 43 1989

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM VERKLARING VAN 'N GEBIED TOT PRIVATE WILDTUIN

Ingevolge artikel 22 van die Ordonnansie op Natuurbewaring, 1975 (Ordonnansie 4 van 1975), word hierby bekend gemaak dat die persoon wie se naam in kolom 1 van die Bylae vermeld word en wat die eienaar is van die gebied wat daarteenoor omskryf word in kolom 2 van die Bylae, aansoek gedoen het om die verklaring van genoemde gebied tot private wildtuin.

Iedereen wat beswaar wil aanteken teen die verklaring van die betrokke gebied tot private wildtuin word hiermee versoek om sy besware by die Direkteur van Natuurbewaring, Privaatsak 13306, Windhoek, 9000, in te dien binne 'n tydperk van drie maande na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing.

BYLAE

KOLOM 1	KOLOM 2
AANSOEKER	GEBIED
Moolman, J.H.	Gedeelte 1 (Eindelik) van die plaas Sahara 420, groot 3690,8999 hektaar en die plaas Goedehoop 463, groot 7843,8735 hektaar, beide geleë in die distrik Mariental.

DEPARTMENT OF ECONOMIC AFFAIRS

No. 44 1989

MERCHANDISE MARKS ACT, 1941 (ACT 17 OF 1941): PROPOSED PROHIBITION OF THE USE OF A CERTAIN EMBLEM

In terms of section 13 of the Merchandise Marks Act, 1941 (Act 17 of 1941), I hereby give notice that I have been requested by the Privatisation Advisory Committee to prohibit, under section 15(1) of the said Act, the use by any person other than the said Committee of the emblem of the Committee shown below in connection with any trade, business, profession or occupation or in connection with a trade mark, mark or trade description applied to goods:



The above-mentioned emblem shall lie open to inspection at the office of the Secretary for Economic Affairs, Trust Bank Building, Kaiser Street, Windhoek.

I hereby invite persons interested in the matter to submit, in writing, any representations which they wish to make in connection with the matter to the Secretary for Economic Affairs, Private Bag 13297, Windhoek 9000, within a period of thirty days from the date of publication of this notice.

A.Z. SHIPANGA
Minister of Economic Affairs Windhoek, 15 February 1989

DEPARTEMENT VAN EKONOMIESE SAKE

No. 44 1989

HANDELSWAREMERKE-WET, 1941 (WET 17 VAN 1941): VOORGENOME VERBOD OP DIE GEBRUIK VAN 'N SEKERE EMBLEEM

Ingevolge artikel 13 van die Handelswaremerkewet, 1941 (Wet 17 van 1941), maak ek hierby bekend dat ek deur die Privatiseringsadvieskomitee versoek is om kragtens artikel 15(1) van genoemde Wet die gebruik, deur enigiemand anders as genoemde Komitee, van onderstaande embleem van die Komitee in verband met enige handel, besigheid, beroep of bedryf of in verband met 'n handelsmerk, merk of handelsomskrywing wat op ware aangebring is te verbied:



Bogenoemde embleem is by die kantoor van die Sekretaris van Ekonomiese Sake, Trustbankgebou, Kaiserstraat, Windhoek, ter insae beskikbaar.

Ek nooi persone wat belang in die saak het hiermee uit om vertoë wat hulle in verband met die saak wil rig, binne 'n tydperk van dertig dae na die publikasie van hierdie kennisgewing skriftelik in te dien by die Sekretaris van Ekonomiese Sake, Privaatsak 13297, Windhoek, 9000.

A.Z. SHIPANGA
Minister van Ekonomiese Sake Windhoek, 15 Februarie 1989

DEPARTMENT OF ECONOMIC AFFAIRS

No. 45 1989

MERCHANDISE MARKS ACT, 1941 (ACT 17 OF 1941): PROPOSED PROHIBITION OF THE USE OF A CERTAIN EMBLEM

In terms of section 13 of the Merchandise Marks Act, 1941 (Act 17 of 1941), I hereby give notice that the S.W.A. Water and Electricity Corporation (Pty) Ltd has requested me to prohibit, under section 15(1) of the said Act, the use by any person other than the said Corporation of the emblem of the Corporation shown below in connection with any trade, business, profession or occupation or in connection with a trade mark, mark or trade description applied to goods:



The above-mentioned emblem shall lie open to inspection at the office of the Secretary for Economic Affairs, Trust Bank Building, Kaiser Street, Windhoek.

I hereby invite persons interested in the matter to submit, in writing, any representations which they wish to make in connection with the matter to the Secretary for Economic Affairs, Private Bag 13297, Windhoek 9000, within a period of thirty days from the date of publication of this notice.

L.G. HELU
Deputy Minister of Economic Affairs

Windhoek, 11 March 1989

DEPARTEMENT VAN EKONOMIESE SAKE

No. 45 1989

HANDELSWAREMERKE-WET, 1941 (WET 17 VAN 1941): VOORGENOME VERBOD OP DIE GEBRUIK VAN 'N SEKERE EMBLEEM

Ingevolge artikel 13 van die Handelswaremerkewet, 1941 (Wet 17 van 1941), maak ek hierby bekend dat die S.W.A. Water- en Elektrisiteitskorporasie (Edms) Bpk my versoek het om kragtens artikel 15(1) van genoemde Wet die gebruik, deur enigiemand anders as genoemde Korporasie, van onderstaande embleem van die Korporasie in verband met enige handel, besigheid, beroep of bedryf of in verband met 'n handelsmerk, merk of handelsomskrywing wat op ware aangebring is te verbied:



Bogenoemde embleem is by die kantoor van die Sekretaris van Ekonomiese Sake, Trustbankgebou, Kaiserstraat, Windhoek, ter insae beskikbaar.

Ek nooi persone wat belang in die saak het hiermee uit om vertoë wat hulle in verband met die saak wil rig, binne 'n tydperk van dertig dae na die publikasie van hierdie kennisgewing skriftelik in te dien by die Sekretaris van Ekonomiese Sake, Privaatsak 13297, Windhoek, 9000.

L.G. HELU
Adjunk Minister van Ekonomiese Sake

Windhoek, 11 Maart 1989

General Notices

Algemene Kennisgewings

MUNICIPALITY OF KEETMANSHOOP

No. 39 1989

NOTICE

Notice is hereby given in terms of Section 171(4) of the Municipal Ordinance (Ordinance No 13 of 1963) as amended, that the undermentioned property will be sold on 14 April 1989 at 10h00 o'clock at the Municipal Offices to recover arrear rates, taxes and interest which have remained unpaid.

Erf No	Registered Owner	Extent
281 Keetmanshoop Town	MW Neuneier	2381m²

P.J. BOONZAAIER
TOWN CLERK

MUNISIPALITEIT VAN KEETMANSHOOP

No. 39 1989

KENNISGEWING

Kennis geskied hiermee kragtens Artikel 171(4) van die Munisipale Ordonnansie No 13 van 1963, soos gewysig, dat die ondervermelde erf op 31 Maart 1989 om 10h00 per publieke veiling by die Munisipale Kantore, Keetmanshoop verkoop sal word ter verhaling van die agterstallige eiendomsbelasting en rente wat nie betaal is nie.

Erf No	Geregistreerde Eienaar	Grootte Vierkante meter
281 Keetmanshoop Dorp	MW Neuneier	2381

P.J. BOONZAAIER
STADSKLERK

MUNICIPALITY OF KEETMANSHOOP

No. 40 1989

NOTICE

Notice is hereby given in terms of Section 171(1) of the Municipal Ordinance No 13 of 1963 as amended to the following registered owners that the undermentioned properties will be sold to recover arrear rates and interest should it not be paid within three (3) months from the date of the last publication hereof.

MUNISIPALITEIT VAN KEETMANSHOOP

No. 40 1989

KENNISGEWING

Kennis geskied hiermee kragtens Artikel 171(1) van die Munisipale Ordonnansie Nr 13 van 1963, soos gewysig, aan die ondergenoemde persone wat die geregistreerde eienaars van die ondervermelde erwe is, dat die erwe verkoop sal word ter verhaling van agterstallige eiendomsbelasting en rente indien u sou nalaat om dit te betaal binne drie (3) maande vanaf datum van laaste publikasie hiervan.

Registered Owners	Erf No	Area Square Meter
LJ Bock	72 (Krönlein)	600
FZ Feris	126 (Krönlein)	607

P.J. BOONZAAIER
TOWN CLERK

Geregistreerde Eienaar	Erf Nr	Grootte Vierkante meter
LJ Bock	72 (Krönlein)	600
FZ Feris	126 (Krönlein)	607

P J BOONZAAIER
STADSKLERK

No. 41 1989

MUNICIPALITY OF KEETMANSHOOP: TOWN PLANNING SCHEME

Notice is hereby given in terms of section 17 of the Town Planning Ordinance of 1954 (Ordinance 18 of 1954 as amended) that the Cabinet approved the intention of Keetmanshoop Municipality to design the Keetmanshoop Scheme.

Copies of the map showing the boundaries of the Scheme are lying for inspection during office hours at the office of the Keetmanshoop Municipality at Keetmanshoop.

No. 41 1989

MUNISIPALITEIT KEETMANSHOOP: DORPSBEPLANNINGSKEMA

Kennis geskied hiermee kragtens Artikel 17 van die Dorpsbeplanningsordonnansie van 1954 (Ordonnansie 18 van 1954, soos gewysig) dat die Kabinet die voorneme van die Keetmanshoop Munisipaliteit om 'n skema te ontwerp, goedgekeur het.

Eksemplare van die kaart wat die skemagebied aantoon lê gedurende kantoorure in die kantore van die Keetmanshoop Munisipaliteit ter insae.

No. 42 1989

MUNICIPALITY OF OUTJO: TOWN PLANNING SCHEME

Notice is hereby given in terms of section 17 of the Town Planning Ordinance of 1954 (Ordinance 18 of 1954 as amended) that the Cabinet approved the intention of Outjo Municipality to design the Outjo Scheme.

Copies of the map showing the boundaries of the Scheme are lying for inspection during office hours at the office of the Outjo Municipality at Outjo for thirty (30) days after publication of this notice.

No. 42 1989

MUNISIPALITEIT OUTJO: DORPSBEPLANNINGSKEMA

Kennis geskied hiermee kragtens Artikel 17 van die Dorpsbeplanningsordonnansie van 1954 (Ordonnansie 18 van 1954, soos gewysig) dat die Kabinet die voorneme van die Outjo Munisipaliteit om 'n skema te ontwerp, goedgekeur het.

Eksemplare van die kaart wat die skemagebied aantoon lê gedurende kantoorure in die kantore van die Outjo Munisipaliteit ter insae vir dertig (30) dae vanaf publikasie van hierdie kennisgewing.

CITY OF WINDHOEK

No. 43 1989

PERMANENT CLOSING OF PORTION 1 OF ERF 1245 VON BODENHAUSEN STREET PIONIERSPARK

Notice is hereby given in terms of Section 183(1)(b)(ii) of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance no 13 of 1963) as amended, that the Municipality of Windhoek proposes to close permanently, the undermentioned portions as indicated on plan P/2272/A which lies for inspection during office hours at the office of the Town Planner, Room 709, Municipal Offices, Kaiser Street:

Portion 1 of Erf 1245 Von Bodenhausen Street, Pionierspark.

Objections to the proposed closing are to be served on the Director, Local Authorities and Civil Defence, Private Bag 13289, and the Town Clerk, P O Box 59, Windhoek, within 30 days after the appearance of this notice.

W J KOTZÉ
TOWN CLERK

STAD WINDHOEK

No. 43 1989

PERMANENTE SLUITING VAN GEDEELTE 1 VAN ERF 1245 VON BODENHAUSENSTRAAT PIONIERSPARK

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge die bepalings van Artikel 183(1)(b)(ii) van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnancie nr. 13 van 1963) soos gewysig, dat die Munisipaliteit Windhoek van voorneme is om die ondergemelde gedeeltes soos aangedui op plan P/2272/A wat gedurende kantoorure in die kantoor van die Stadsbeplanner, Kamer 709, Stadhuis, Kaiserstraat, ter insae lê, permanent te sluit:

Gedeelte 1 van Erf 1245, Von Bodenhausenstraat, Pionierspark.

Besware teen die voorgenome sluiting moet ingevolge Artikel 193(3) van bogemelde Ordonnansie binne dertig dae na die verskyning van hierdie kennisgewing aan die Direkteur, Plaaslike Owerhede en Burgerlike Beskerming, Privaatsak 13289, en die Stadsklerk, Posbus 59, Windhoek, bestel word.

W J KOTZE
STADSKLERK

CITY OF WINDHOEK

No. 44 1989

PERMANENT CLOSING OF PORTION 1 OF ERF 3081 WINDHOEK

Notice is hereby given in terms of Section 183(1)(b)(ii) of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance no 13 of 1963) as amended, that the Municipality of Windhoek proposes to close permanently, the undermentioned portions as indicated on plan P/2159/A which lies for inspection during office hours at the office of the Town Planner, Room 709, Municipal Offices, Kaiser Street:

STAD WINDHOEK

No. 44 1989

PERMANENTE SLUITING VAN GEDEELTE 1 VAN PUBLIEKE OOP RUIMTE ERF 3081 WINDHOEK.

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge die bepalings van Artikel 183(1)(b)(ii) van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnancie no. 13 van 1963) soos gewysig, dat die Munisipaliteit Windhoek van voorneme is om die ondergemelde gedeeltes soos aangedui op plan P/2159/A wat gedurende kantoorure in die kantoor van die Stadsbeplanner, Kamer 709, Stadhuis, Kaiserstraat, ter insae lê, permanent te sluit:

Portion 1 of Erf 3081 Windhoek, Public Open Space.

Objections to the proposed closing are to be served on the Director, Local Authorities and Civil Defence, Private Bag 13289, and the Town Clerk, P O Box 59, Windhoek, within 30 days after the appearance of this notice.

W J KOTZÉ
TOWN CLERK

Gedeelte 1 van Publieke Oop Ruimte Erf 3081, Windhoek

Besware teen die voorgenome sluiting moet ingevolge Artikel 193(3) van bogemelde Ordonnansie binne dertig dae na die verskyning van hierdie kennisgewing aan die Direkteur, Plaaslike Owerhede en Burgerlike Beskerming, Privaatsak 13289, en die Stadsklerk, Posbus 59, Windhoek, bestel word.

W J KOTZE
STADSKLERK

MUNICIPALITY OF WINDHOEK

No. 45 1989

NOTICE

WINDHOEK AMENDMENT SCHEME NO. 10

Notice is hereby given in terms of Section 23 of the Town Planning Ordinance, 1954 (Ordinance 18 of 1954) that the Windhoek Amendment Scheme No. 10 has been submitted to the Administrator-General for approval.

Copies of the Amendment scheme and of the maps, plans, documents and other relevant matters are lying for inspection during office hours at the Windhoek Municipality and also at the Directorate Local Authorities and Development Planning, Room W315, Tintenpalast, Windhoek.

Any person who wishes to object to the approval of the amendment scheme should lodge his objection in writing to the Secretary, South West African Planning Advisory Board, Private Bag 13289, Windhoek on or before 15 May 1989.

MUNISIPALITEIT WINDHOEK

No. 45 1989

KENNISGEWING

WINDHOEK WYSIGINGSKEMA NO. 10

Kennisgewing geskied hierby kragtens Artikel 23 van die Dorpsbeplanningsordonnansie, 1954 (Ordonnansie 18 van 1954) dat die Windhoek Wysigingskema nr. 10 vir goedkeuring aan die Administrateur-generaal voorgelê is.

Eksemplare van die wysigingskema en van die kaarte, planne, dokumente en ander verbandhoudende sake lê gedurende kantoorure by die Munisipaliteit Windhoek sowel as by die Direktoraat Plaaslike Owerhede en Ontwikkelingsbeplanning Kamer W315, Tintenpalast, Windhoek, ter insae.

Elkeen wat beswaar het teen die wysigingskema moet sy besware skriftelik voor of op 15 Mei 1989 by die Sekretaris, Suidwes-Afrikaanse Beplanningsadviesraad, Privaatsak 13289, Windhoek, indien.

MUNICIPALITY OF GROOTFONTEIN

No. 46 1989

CORRECTION NOTICE

General Notice 132 of 1988 in *Official Gazette* 5599 of 5 September 1988 is hereby corrected by the substitution in the Afrikaans text on page 7 for the expression "Goewermentskennisgewing 161 van 1971" of the expression "Goewermentskennisgewing 161 van 1974".

MUNISIPALITEIT GROOTFONTEIN

No. 46 1989

VERBETERINGSKENNISGEWING

Algemene Kennisgewing 132 van 1988 in *Offisiële Koerant* 5599 van 5 September 1988 word hierby verbeter deur in die Afrikaanse teks op bladsy 7 die uitdrukking "Goewermentskennisgewing 161 van 1971" deur die uitdrukking "Goewermentskennisgewing 161 van 1974" te vervang.

MUNICIPALITY OF OMARURU

No. 47 1989

NOTICE

OMARURU AMENDMENT SCHEME NO. 1

Notice is hereby given in terms of Section 23 of the Town Planning Ordinance, 1954 (Ordinance 18 of 1954) that the Omaruru Amendment Scheme No. 1 has been submitted to the Administrator-General for approval.

Copies of the Amendment scheme and of the maps, plans, documents and other relevant matters are lying for inspection during office hours at the Omaruru Municipality and also at the Directorate Local Authorities and Development Planning, Room W315, Tintenpalast, Windhoek.

Any person who wishes to object to the approval of the amendment scheme should lodge his objection in writing to the Secretary, South West African Planning Advisory Board, Private Bag 13289, Windhoek on or before 15 May 1989.

MUNISIPALITEIT OMARURU

No. 47 1989

KENNISGEWING

OMARURU WYSIGINGSKEMA NO. 1

Kennisgewing geskied hierby kragtens Artikel 23 van die Dorpsbeplanningsordonnansie, 1954 (Ordonnansie 18 van 1954) dat die Omaruru Wysigingskema no. 1 vir goedkeuring aan die Administrateur-generaal voorgelê is.

Eksemplare van die wysigingskema en van die kaarte, planne, dokumente en ander verbandhoudende sake lê gedurende kantoorure by die Munisipaliteit Omaruru sowel as by die Direktoraat Plaaslike Owerhede en Ontwikkelingsbeplanning Kamer W315, Tintenpalast, Windhoek, ter insae.

Elkeen wat beswaar het teen die wysigingskema moet sy besware skriftelik voor of op 15 Mei 1989 by die Sekretaris, Suidwes-Afrikaanse Beplanningsadviesraad, Privaatsak 13289, Windhoek, indien.

MUNICIPALITY OF SWAKOPMUND

No. 48 1989

NOTICE

SWAKOPMUND AMENDMENT SCHEME NO. 3

Notice is hereby given in terms of Section 23 of the Town Planning Ordinance, 1954 (Ordinance 18 of 1954) that the Swakopmund Amendment Scheme No. 3 has been submitted to the Administrator-General for approval.

Copies of the Amendment scheme and of the maps, plans, documents and other relevant matters are lying for inspection during office hours at the Swakopmund Municipality and also at the Directorate Local Authorities and Development Planning, Room W315, Tintenpalast, Windhoek.

Any person who wishes to object to the approval of the amendment scheme should lodge his objections in writing to the Secretary, South West African Planning Advisory Board, Private Bag 13289, Windhoek on or before 15 May 1989.

MUNISIPALITEIT SWAKOPMUND

No. 48 1989

KENNISGEWING

SWAKOPMUND WYSIGINGSKEMA NO. 3

Kennisgewing geskied hierby kragtens Artikel 23 van die Dorpsbeplanningsordonnansie, 1954 (Ordonnansie 18 van 1954) dat die Swakopmund Wysigingskema no. 3 vir goedkeuring aan die Administrateur-generaal voorgelê is.

Eksemplare van die wysigingskema en van die kaarte, planne, dokumente en ander verbandhoudende sake lê gedurende kantoorure by die Munisipaliteit Swakopmund sowel as by die Direktoraat Plaaslike Owerhede en Ontwikkelingsbeplanning Kamer W315, Tintenpalast, Windhoek, ter insae.

Elkeen wat beswaar het teen die wysigingskema moet sy besware skriftelik voor of op 15 Mei 1989 by die Sekretaris, Suidwes-Afrikaanse Beplanningsadviesraad, Privaatsak 13289, Windhoek, indien.

No. 49 1989

SUMMERDOWN TOWNSHIP: DEPROCLAMATION

Notice is hereby given in terms of Section 24(4) of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963) that an application has been received from the Peri-Urban Development Board, Windhoek, for the deproclamation of Summerdown Township, situated on portion 4 of the farm Summerdown Nr. 333, peri-urban area of Summerdown, Registration-district "L".

Copies of the deproclamation and maps, plans, documents and other relevant matters are lying

No. 49 1989

SUMMERDOWN DORP: DEPROKLAMASIE

Kennisgewing geskied hiermee kragtens Artikel 24(4) van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling, 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) dat aansoek ontvang is van die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling, Windhoek, vir die deproklamering van Summerdown Dorp geleë op Gedeelte 4 van die plaas Summerdown Nr. 333, buitestedelike gebied van Summerdown, Registrasie-afdeling "L".

Afskrifte van die deproklamering, kaarte, planne, dokumente en ander verbandhoudende sake lê

for inspection during office hours at the offices of the Peri-Urban Development Board, Windhoek, and also in room W315 of the Tintenpalast, Windhoek.

Any person who wishes to object to the abovementioned application should lodge his objection in writing to the Secretary, South West African Planning Advisory Board (SWAPAB), Private Bag 13289, Windhoek, on or before 1st June 1989.

gedurende kantoorure ter insae by die kantoor van die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling, Windhoek, sowel as in kamer W315 van die Tintenpalast, Windhoek.

Elkeen wat beswaar het teen bogenoemde deproklamering moet sy beswaar skriftelik by die Sekretaris, Suidwes-Afrikaanse Beplanningsadviesraad (SWABAR), Privaatsak 13289, Windhoek, indien voor of op 1 Junie 1989.

PERI-URBAN DEVELOPMENT BOARD

No. 50 1989

NOTICE

RATES AND TAXES OUTSTANDING FIVE YEARS AND LONGER

Notice is hereby given to the registered owners or their successors in title that the undermentioned properties in the Peri-Urban areas, in terms of regulation 6(1) of the Board's Regulations on Rates, will be sold to recover arrear rates and interest should it not be paid within THREE MONTHS from the date of the last publication hereof.

KAMANJAB

Registered Owners	Erf Numbers
Odendalia Trust (Pty) Ltd	10
Odendalia Trust (Pty) Ltd	116
Odendalia Trust (Pty) Ltd	133

RAAD VIR BUITESTEDELIKE ONTWIKKELING

No. 50 1989

KENNISGEWING

EIENDOMSBELASTING UITSTAANDE VYF JAAR EN LANGER

Kennis geskied hiermee aan die ondergemelde geregistreerde erfeienaars of hul opvolgers in titel, dat die ondergenoemde erwe geleë in buitestedelike gebiede, kragtens regulasie 6(1) van die Raad se Regulasies op Eiendomsbelasting, verkoop sal word ter verhaling van agterstallige eiendomsbelasting en rente, indien u nalaat om dit te betaal binne DRIE MAANDE vanaf datum van laaste publikasie hiervan.

KAMANJAB

Geregistreerde Eienaars	Erfnommers
Odendalia Trust (Edms) Bpk	10
Odendalia Trust (Edms) Bpk	116
Odendalia Trust (Edms) Bpk	133

CENTRAL REVENUE FUND

STATEMENT OF EXPENDITURE FOR THE PERIOD 1 APRIL 1988 TO 31 JANUARY 1989

DEPARTMENT OF FINANCE, WINDHOEK

SENTRALE INKOMSTEFONDS

STAAT VAN UITGAWE VIR DIE TYDPERK 1 APRIL 1988 TOT 31 JANUARIE 1989

DEPARTEMENT VAN FINANSIES, WINDHOEK

VOTE	ESTIMATE BEGROTING 1988/89	TOTAL 1 APRIL TO 31 JANUARY TOTAAL 1 APRIL TOT 31 JANUARIE 1988/89	1987/88	BEGROTINGSPOS
	R	R	R	
1. Governmental Affairs	79 868 000	42 756 168	37 838 216	Owerheidsake
2. Finance	92 513 000	76 907 936	90 926 444	Finansies
Statutory Amount	193 490 000	184 321 119	158 495 414	Statutêre Bedrag
3. Civic Affairs and Manpower	117 944 000	74 677 299	64 004 872	Burgersake en Mannekrag
4. National Education	122 813 000	100 644 366	80 882 667	Nasionale Opvoeding
5. Economic Affairs	25 071 000	16 688 769	86 181 263	Ekonomiese Sake
6. Justice	16 205 000	13 645 681	11 631 537	Justisie
Statutory Amount	600 000	592 350	633 309	Statutêre Bedrag
7. Agriculture and Nature Conservation.	50 442 000	39 727 071	35 074 010	Landbou en Natuurbewaring
8. National Health and Welfare	94 617 000	80 295 156	70 951 352	Nasionale Gesondheid en Welsyn
9. Water Affairs	88 139 000	62 389 556	59 446 650	Waterwese
10. Central Personnel Institution	10 590 000	6 525 817	4 691 767	Sentrale Personeelinstelling
11. Posts and Telecommunications	78 990 000	59 538 730	54 013 443	Pos- en Telekommunikasiewese
12. Transport	143 290 000	106 302 350	74 793 900	Vervoer
13. Defence	219 784 000	133 014 504	110 746 862	Verdediging
14. Police	147 494 000	120 782 642	91 063 379	Polisie
15. Auditor General	1 628 000	1 578 435	1 188 334	Ouditeur-generaal
16. Assistance to Authorities	447 452 000	352 175 143	318 625 575	Bystand aan Owerhede
17. National Intelligence	4 500 000	3 750 000	3 818 331	Nasionale Intelligensie
18. Improvement of Conditions of Service	10 000 000	-	-	Verbetering van Diensvoorwaardes
- Payment by way of grace	-	2 932	12 995	Betaling by wyse van grasie
TOTAL	1 945 430 000	1 476 316 024	1 355 020 320	TOTAAL

CENTRAL REVENUE FUND

STATEMENT OF REVENUE COLLECTED DURING THE PERIOD 1 APRIL 1988 TO 31 JANUARY 1989

DEPARTMENT OF FINANCE, WINDHOEK

SENTRALE INKOMSTEFONDS

STAAT VAN INKOMSTE INGEVORDER GEDURENDE DIE TYDPERK 1 APRIL 1988 TOT 31 JANUARIE 1989

DEPARTEMENT VAN FINANSIES, WINDHOEK

VOTE	ESTIMATE BEGROTING 1988/89	TOTAL 1 APRIL TO 31 JANUARY TOTAAL 1 APRIL TOT 31 JANUARIE		BEGROTINGSPOS
		1988/89	1987/88	
	R	R	R	
Revenue from own Sources:				Inkomste uit eie Bronne:
Tax and Duties	557 020 000	668 685 603	494 809 372	Belasting en Regte
Loan Recoveries	35 105	19 444 208	16 144 835	Leningsverhalings
Licences	9 965 000	4 023 180	1 435 328	Lisensies
Fines and Forfeitures	2 500 000	2 498 522	2 201 029	Boetes en Verbeurdverklarings
Departmental Revenue	174 170 000	247 399 744	157 169 045	Departementele Inkomste
Customs and Excise	392 000 000	328 500 000	291 000 000	Doeane en Aksyns
TOTAL : REVENUE FROM OWN SOURCES	1 170 760 000	1 270 551 257	962 759 609	TOTAAL : INKOMSTE UIT EIE BRONNE
Revenue from other Sources:				Inkomste uit ander Bronne:
Contribution by the Government of the Republic of South Africa	308 000 000	215 466 000	219 697 000	Bydrae deur die Regering van die Republiek van Suid-Afrika
Contribution by the Administration for Whites	-	3 500 000	-	Bydrae deur die Administrsie vir Blankes
Loans to be raised	236 670 000	97 838 450	65 934 690	Lenings aangegaan te word
TOTAL : REVENUE FROM OTHER SOURCES	544 670 000	316 804 450	285 631 690	TOTAAL : INKOMSTE UIT ANDER BRONNE
TOTAL REVENUE	1 715 430 000	1 587 355 707	1 248 391 299	TOTALE INKOMSTE